**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING / OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION**

**NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 22 DESEMBER 2023 OM 10:00 IN DIE GEMEENSKAPSAAL / MINUTES OF THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON 22 DECEMBER 2023 AT 10:00 IN THE COMMUNITY HALL**

1. OPENING

Prof Tolmay open die vergadering met gebed.

Prof. Tolamay opened the meeting with a prayer.

2. VERWELKOMING/WELCOME

Riekie heet alle inwoners en besoekers welkom.

Riekie welcomed all residents and visitors.

3. VERSKONINGS/APOLOGIES

Buks en Maranda Degenaar
Marius Aucamp

Buks and Maranda Degenaar
Marius Aucamp

4. AANVAARDING VAN NOTULE AJV 2022/ACCEPTANCE OF THE MINUTES OF THE AGM 2022

Die notule van die AJV 2022 is per WhatsApp aan alle lede gestuur. Dit is ook beskikbaar op Oesterbaai.info

The minutes has been distributed to all members on WhatsApp. Also available on http//Oesterbaai.info

Die notule word aanvaar. Voorgestel deur Johan Jacobs. Gesekondeer deur Prof Tolmay.

The minutes was accepted. Proposer: Johan Jacobs. Seconder: Prof. Tolmay

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE/MATTERS ARISING FROM PREVIOUS MINUTES

Word vervat in die Voorsittersverslag

Included in the Chairman's Report

6. VOORSITTERSVERSLAG 2023/CHAIRMAN'S REPORT

Riekie stel Walter Kurten, vorige voorsitter, aan die woord.

Riekie requested Walter Kurten, previous Chairperson to discuss the report.

6.1 FINANSIES /FINANCE

Martiens bespreek die aangehegte finansiële state. Hy noem dat die 2023 inkomste bietjie beter lyk. Hy gee ook 'n vergelyking met 2022. Die uitgawes was meer a.g.v. die saal. Hy bedank mense vir hulle donasies. Hy vra ook spesifiek vir fondse vir Bouwen se projekte ( die ingangsmuur en Lexingtonlaan) , hy wil nie die Spaarrekening daarvoor gebruik nie.

Martiens discussed the attached financial reports. He indicated that the income for 2023 was marginally higher. He compared the figures with 2022. The expenses was higher due to maintenance of the hall. He thanked all donors. He requested specific donations for Bouwen's projects (the wall at the entrance to town and Lexington Avenue). He does not wish to utilise operating funds for this purpose.

6.2 OMGEWINGSAKE/ENVIRONMENTAL MATTERS

Walter deel die vergadering mee dat Oesterbaai in Wyk 1 van Kouga is – dit is 'n ANC wyk. Die aandag en begrotingsgeld gaan na ander plekke toe.

Walter reminded the meeting that Ward 1 of the Kouga Municipality, is an ANC Ward. Oyster Bay is part of Ward 1. The budget is spent at other places than Oyster Bay and Umzamowethu.

Shena Ruth, DA Raadslid, is a.g.v. siekte nie altyd beskikbaar nie. Die burgemeester het elke Donderdag 'n "oop dag vir klagtes". Walter moedig inwoners aan om dit te gebruik. Oesterbaai moet aanhou baklei vir hulle deel van die begroting.

Shena Ruth, DA Councillor suffers froma serious disease and is not always available. The Mayor has an open day once per month on a Thursday where complaints can be discussed. Walter motivated residents to utilise this opportunity. Oyster Bay must fight for its rightful part of the budget.

Walter stel Otto aan die woord. Otto deel die vergadering mee dat Kouga weer op die duine begin werk het. Nadat vakansiegangers gekla het oor die geraas op die duine het Nomvelo die kontrakteur opdrag gegee om alle werk te staak. Dit sal na die vakansie hervat word.

Walter requested Otto to share more information. Otto said that the Municipality commenced work on the dunes again. Due to complaints by visitors about the noise, Nomvelo cancelled the work performed by the contractors. It will resume after the holidays.

Walter noem dat daar al miljoene bestee is aan die duine. Na elke stofstorm is daar nuwe duine. Die ou ingang is weer oopgestoot sodat mense makliker op die strand kan kom en om die rivier oop te hou. Die langtermynplan is om weer 'n braaiplek daar te bou.

Walter mentioned that millions has been spent for the dune rehabilitation. After each wind storm, new dunes have formed. The old entrance has been cleared of sand build up, in order to ease

entrance to the beach and keep the river mount open. The long term plan include a braai area there again.

Riekie, Otto en Jaco het 'n vergadering met Charles du Plessis ( Mun inspekteur ) en Charl de Kock ( Mun ingenieur) gehad. Charles is 'n voorstander daarvan dat iemand hier kom bly en dan op die duine werk. Die 19e Jan is daar 'n strategie vergadering – hoe om Oesterbaai beter te kan help, bestuur en te voorsien van hulp. Daar word gepraat van 'n 4e vlak van bestuur onder die Munisipaliteite.

Riekie, Otto and Jaco had a meeting with Charles du Plessis (Municipal Manager) and Charl de Kock (City Engineer). Charles prefer that a person residing in Oyster Bay, supervise the work here. A strategy meeting is scheduled for 19 January with the purpose of support to Oyster Bay, the provision of management. A fourth level of management was mentioned.

Prof Tolmay noem dat hy al 31 jaar hier in Oesterbaai kom. Hoe meer daar aan 'n duin gewerk word, hoe meer verskuif die probleem na die anderkant. Hy sê weer dat hy al 13 jaar geduldig wag dat die publieke toilet voor sy huis verwyder word.

Prof Tolmay mentioned that he visits Oyster Bay for the past 31 years. He is of the opinion that the work on one side of the dune result in the problems on the other side. Hy mentioned again that he is now waiting for 13 years that public toilets in front of his house be removed.

Mev van Wyk vra oor die werk op die duine wat elke Desembervakansie plaasvind. Walter vra dat individue nie hul eie gevoelens oor die duine moet najaag nie. Die probleme op die duine is mensgemaak en dit moet nou bestuur word. Mense se eiendomme is in gevaar en dit kan nie net daar gelaat word nie. Die duine moet beheer word. Branderstr het 'n probleem en dit gaan nie verdwyn nie. Jaco noem ook dat daar geen ander uitweg is nie.

Prof. van Wyk enquired why work is done on the dunes each December holiday. Walter requested that individuals please do not pursue their own believes about the dunes and ignore owner's whose properties are in jeopardy. The dune problem was created by human actions and have to be managed now. The problem will not go away. Jaco agreed that we have no other option.

6.3 WATERVOORSIENING

Walter noem dat Oesterbaai 'n paar probleme gehad het. Hy stel Otto aan die woord.

Walter mentioned that Oyster Bay experienced minimal problems with water supply the last year. Otto was requested to share more information.

Otto noem dat nuwe pompe gekoop is en dat dit binnekort ingesit sal word. Alle herstelwerk moes voor Desember gebeur het, dit het nie. 2 Boorgate en 2 fonteine werk, 2 pompe sal ingesit word. Hy noem dat 'n generator van 35 kilowatt nodig is om water te voorsien as beurtkrag aanhou. ( kyk weer notules van 8 en 11 Nov 2023 op Oesterbaai. Info in hierdie verband)

Otto mentioned that new pumps were acquired and will be installed soon. All repairs should have been done before December. 2 boreholes and 2 fountains are operational He mentioned that a 35 Kw. generator is needed to supply water in times of load shedding. (See minutes of meetings held on 8 and 11 November on the Oesterbaai.info website.)

6.4 GEMEENSKAPSAAL/COMMUNITY HALL

Walter bedank Adriaan vir sy werk. Die saal is die afgelope jaar baie benut. Hy bedank Otto ook vir sy hulp en toesig met die verf van die dak.

Walter thanked Adriaan for his work. The hall was more often utilised this year. He thanked Otto for the work and supervising of the painting of the roof.

6.5 AFVALSTORTINGSTERREIN/REFUSE SITE

Walter vra dat inwoners en eienaars asb nie boumateriaalafval daar moet stort nie.

Walter requested that no building materials be dumped at the refuge site.

6.6 PAAIE/ROADS

Mev Mostert vra oor die grondpad na Oesterbaai. Walter sê dat dit ‘n provinsiale pad is en niks te doen het met die Munisipaliteit nie. Die Provinsiale regering het altyd ‘n verskoning oor die begroting. In Oesterbaai word, danksy Otto, deurlopend gate toegegooi met teer.

Mrs. Mosterd enquired about the gravel road to Oyster Bay. Walter said that it is a Provincial Road. The Municipality cannot perform any maintenance on the road. The Provincial Government always has the excuse that the budget is inadequate. Walter thanked Otto for regularly filling potholes on internal roads with tar in in Oyster Bay.

6.7 KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE/COMMUNICATION AND NEWS LETTERS

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.8 BRANDWEER/FIRE BRIGADE

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.9 UMZAMOWETHU

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.10 VUURWERKE/FIRE WORKS

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.11 HONDE OP DIE STRAND/DOGS ON THE BEACH

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.12 LEWENSREDDERS/LIFE SAVERS

Sien Voorsittersverslag/See Chairman’s Report

6.13 KERSMARK/X-MAS MARKET

Sien Voorsittersverslag/ See Chairman's Report

6.14 KERSDIENS/CHRISTMAS SERVICE

Ds Tiaan sal die diens waarneem.

Rev. Tiaan Muller will conduct the service.

6.15 LIDMAATSKAP/MEMBERSHIP

Dit het bietjie toegeneem.

A small increase was noted.

6.16 VERFRAAIING VAN DIE DORP/BEAUTIFYING OF THE TOWN

6.16.1 VOETSLAANPAD/HIKING TRAIL

Walter bedank 0tto weer vir die Vleiloerievoetslaanpad, daar word steeds baie positiewe kommentaar gelewer. Otto bedank ook vir Ben en Bouwen vir hulle aandeel en insette.

Walter thanked Otto again for the Vleiloerie Hiking Trail. Positive comments are often received. Otto thanked Ben and Bouwen for their input.

6.17 SKOONMAAK VAN STRAND/BEACH CLEAN UP

Sien Voorsittersverslag/See Chairman's Report.

6.18 BIBLIOTEEK

Sien Voorsittersverslag/See Chairman's Report.

6.19 DBV

Sien Voorsittersverslag/See Chairman's Report.

Riekie bedank Walter vir die bespreking van die verslag.

Riekie thanked Walter for discussing the report.

7. ANDER SAKE

7.1 INGANGSMUUR/WALL AT ENTRANCE

Riekie stel Bouwen aan die woord.

Riekie introduced Bouwen.

Bouwen sê die doel van die muur is om 'n goeie visuele indruk van Oesterbaai en Umzamowethu te skep. Dit is die gesig van Oesterbaai. Dit is die eerste fase (van nog baie) om Oesterbaai op te knap. Hy wys die konsepfoto. Hy verduidelik dat die letterwerk op die rooi baksteenmuur goed sal verouder en min instandhouding sal benodig. Alle goedkeuring van

Rufus, die titelakte en die argitek se werk is voltooi en die werk sal hopenlik in Januarie begin. Die rotse en plantegroei sal nie die sig op die pad belemmer nie.

Bouwen said that the purpose with the wall is to create a good image of Oyster Bay and Umzamowethu. It is the first phase (of various) to smarten up Oyster Bay. He projected a concept plan. He mentioned that the lettering on the red brick wall will age well and little maintenance will be needed. Approval from Rufus, the title deed and the work of the architect is completed. It is planned to commence the work in January. The boulders and vegetation will not obstruct the view on the road.

Die beraamde koste is R65 000. R10 000 is reeds deur die OIV gebruik vir Kouga en die argitek.

The estimated cost amounts to R65 000. R10 000 has already been spent for Kouga and the architect.

7.2 LEXINGTONLAAN/LEXINGTON AVENUE

Bouwen verduidelik aan die vergadering dat Lexingtonlaan veiliger opgegradeer moet word. Daar moet ook genoeg dreinering wees sodat die grond nie wegspoel nie en dat die werkers en toeriste gemakliker en veiliger kan loop.

Bouwen explained to the meeting that Lexington Avenue needs upgrading to make it safer and easier to use by workers and tourists . Drainage must be adequate in order to prevent that soil washes away.

Die afstand van bo na  onder is 60 m, 55 trappe is nodig en elke 20 m sal daar ‘n landingstrook wees. Nuwe handrelings is ook nodig. Betonblokke, bakstene en fondasie is nodig, asook harde gruis om die water te laat afvloei.

The distance from top to bottom is 60 m, 55 steps is needed with a landing every 20 m. New handrails is needed. Concrete blocks, bricks and a foundation is needed, as well as hard grid to allow water to drain away.

Riekie wens hom sterkte toe met die werk.

Riekie wishes him well with the work.

7.3 DONASIE LYSTE/DONATION LISTS

Adriaan waarsku die inwoners en vakansiegangers teen leerlinge wat met kollektelyste rondloop, veral vir skole en kerke. Die lyste is vervals en die geld word vir eie gewin gebruik. Inwoners moet veral versigtig wees vir die créche .

Adriaan warned residents and visitors against learners walking around with donation lists, especially for schools and churches. The lists are fake and money donated are for personal use. Residents must especially be beware of lists for the crèche.

7.4 KLINIEK

Riekie stel Herman aan die woord.

Riekie introduced Herman.

Herman gee agtergrond van die groei van Living Water. In 2013 begin hulle met naskoolversorging, ‘n nasorgsentrum volg daarop. Kinders van Umzamowethu kom na skool, daar is studiehulp, kunsklasse, kampe,uitstappies, kursusse, ens. Die doel is dat hulle geestelik groei en bo hulle omstandighede uitstyg.

Herman presented information about the growth of Living Waters. They started in 2013 with after school care which was soon followed by an aftercare centre, where learners received assistance with study, art classes, life orientation camps, excursions, courses etc. The purpose is spiritual growth and to empower them to rise out of their circumstances.

Die probleem bly vervoer na uitstappies. Die koste verbonde is R250 per leerling. “Spay it forward” van Gerlinde het ook ‘n spasie by die sentrum.

Transport to excursions remains a problem. The expense amounts to R250 per learner. “Spay it forward”, managed by Gelinde also utilise the centre.

In 2022 begin hulle die kliniek bou. Die kliniek is vir almal beskikbaar. Lesa Seeny. ‘n gekwalifiseerde apteker, werk daar. ‘n Afgetrede dokter van Oesterbaai gaan ook 1x per week daar help. Voorskrifmedisyne kan ook na Oesterbaai gebring word.

In 2022 they commenced building of a clinic. The clinic is available to all. Lesa Seeney, qualified pharmacist, works at the clinic. A retired medical doctor in Oyster Bay will also assist there once per week. Prescription medicine can also be transported to the clinic.

Herman bedank alle donateurs en skenkers. Daar is nog baie werk – ‘n muur, of heining is nodig om die gebou.

Herman thanked all donators. More work is needed – a wall or fence is needed around the building.

Hy vra dat almal wat kan en betrokke wil raak, asb moet help. Die sentrum is ‘n leerskool vir hoërskoolleerlinge. ‘n Droom is ook om beurse te kry vir uitstaande kinders om na Nico Malan te gaan.

He requested that all who wish to be involved to assist. The centre endeavours to create a campus for secondary school learners. A dream is to acquire bursaries for exceptional achieving learners to attend secondary school at Nico Malan.

Hy bedank die OIV vir die geleentheid.

He thanked the OBRA for the opportunity.

8. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE
Riekie lig die vergadering in dat 3 lede gekoöpteer is na die skielike bedankings van Walter, Buks en Maranda.
   - Bouwen Schellingerhout, Willie Oosthuizen, Marius Aucamp.

   Riekie informed the meeting that 3 members were co-opted after the resignation of Walter, Buks and Maranda.
   - - Bouwen Schellingerhout, Willie Oosthuizen, Marius Aucamp.

   Die volgende persone is deur lede genomineer:
   - Walter Kurten, Desmond Wolmarans, Jaco Marx, Johan Hennop

   The following persons were nominated as Management Committee members:
   - - Walter Kurten, Desmond Wolmarans, Jaco Marx, Johan Hennop

   Riekie stel voor dat almal aanvaar word as komiteelede vir 2024- 2025.

   Riekie proposed that all of them be accepted as Management Committee members for 2024 – 2025.

9. BEDANKINGS
Riekie bedank die OIV- Komiteelede. Sy bedank ook die Calibrewagte wat Oesterbaai se inwoners veilig laat voel. Sy bedank Mias vir die gebruik van sy webwerf. Sy bedank Willie vir die Oesterbaainuus. Sy bedank Elmarie ook vir haar borgskap.

   Riekie thanked the members of the Management Committee. She also thanked the guards of Calibre Security for their role in creating a safe environment for residents. She thanked Mias for utilisation of his website. She thanked Willie for the Oyster Bay News and Elmarie for sponsoring the Newsletter.

10. ALGEMEEN
Madelein Wolmarans vra dat almal stadiger verby die winkel moet ry. Adriaan lig die vergadering in dat daar elke dag verkeersbeamptes in die dorp sal wees. Johan Hennop sê ook dat almal by die verkeersnelheid van 40 kpu moet hou. Daar word ook gevra dat Calibre inligting oor die stand van die veiligheid en sekuriteit op die WhatsApp-groep sal plaas.

    Madelein Wolmarans requested that all reduce speed when passing the shop. Adriaan informed the meeting that traffic officers will be present in town daily. Johan Hennop also said that all must keep to the speed limit of 40 k.p.h. It was also requested that Calibre should publish information on the WhatsApp group about the state of security in Town.

11. AFSLUITING

Riekie bedank almal vir hulle teenwoordigheid en deelname. Sy wens almal ‘n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2024 toe.

Riekie thanked all for attending the meeting and for their participation. She wishes all a Merry Christmas and Prosperous 2024.

Die vergadering word verdaag.

The meeting was adjourned.

| ------------------------ | ------------------------ | --------------------- |
|---|---|---|
| GOEDGEKEUR/APPOVED | SEKRETARESSE | DATUM |
| VOORSITTER/CHAIRPERSON | SECRETARY | DATE |

VIR GOEDKEURING TYDENS DIE AJV, DESEMBER 2024 / TO BE APPROVED AT THE AGM, DECEMBER 2024